Mike Schüssler, bekende ekonoom, was een van die sprekers tydens die MGK Landboudag einde Mei by Loskopdam.

KENNERS SÊ
produsente kan moed skep

ELSJE VAN DER WALT, PUBLIEKE VERHOUDINGS-BEAMPTE, MGK

Vir MGK is hul jaarlikse landboudag nie 'n luuksheid nie, maar 'n noodsaaklikheid, omdat die produsent se sukses ook MGK se sukses beteken.

Tydens die landboudag lig kenners hul mening oor wat die toekoms gaan oplewer want hedendaagse produsente moet nie net kan plant, ploeg, waterlei en stroop nie, hulle moet ook kundig wees oor wisselkoerse, graantermynkontrakte, politieke tendense, verbruikersgedrag en nog meer. Vanjaar se landboudag is op 28 Mei by Loskopdam aangebied.

Prof André Jooste, van die Nasionale Landboubemarkingsraad, was een van drie sprekers wat produsente op hoogte van sake gebring het. "Die uitdaging van verandering", was die kern van sy voorlegging. Mike Schüssler, bekende ekonoom, het internasionale ekonomiese kwessies belig terwyl prof Theo Venter politiek gesels het.

Volgens prof Jooste het die globale ekonomiese krisis 'n groot invloed op internasionale beleggings. Dit het verseker 'n invloed op mense en lande se bereidwilligheid om handel te dryf en die koopkrag van verbruikers word ten sterkste geaffekteer. Die rolspeler wat voor in die ekonomiese oorlog baklei, is die banke en hulle is al sleg beseer. Barclays bank kon in 2007 'n markwaarde van $91 miljard, op finansiële state aantoon maar 20 Januarie 2009 kon dié bankreus 'n markwaarde van net $7,4 miljard bereken.

Ander internasionale verwikkelings is dat die Europese Unie (EU) vergroot is, Sjina het toegang verkry tot die Wêreld-handelsorganisasie en Amerika het hul eerste swart president verkies. Plaaslik sukkel ons met korrupsie, MIV/Vigs, armoede, verwaarloosde infrastrukture en boonop het ons 'n hele stel nuwe politieke leiers. Dit is waar ons tans staan. Hoe beïnvloed dit alles Suid-Afrikaanse produsente? In die geval waar die besturende direkteur (die produsent) van boerdery X die produksie-insette teenoor uitsetpryse gemeet het, was dit moontlik glad nie koste-doeltreffend om die afgelope seisoen te produseer nie.

Sou internasionale markte dan ontgin kon word? Die omgewing waarin produsente internasionaal meeding het drasties verander. Die lande waarteen Suid-Afrika voorheen meegeding het, het subsidies ontvang, maar dit is nie nou meer die geval nie. Die kompetisie kom nie meer uit die VSA, Kanada en die EU nie, maar uit Argentinië en Brasilië waar produsente net so min gesubsidieer word as in Suid-Afrika. Plaaslike produsente kan dit dus nie meer voorhou as die rede hoekom hulle nie internasionaal kan meeding nie.

In die lig van die moontlike voedselkrisis wat in ons nekke blaas, behoort die regering produsente te motiveer om te produseer. Die voedselkrisis gaan beslis nie verdwyn nie. Die 7,6 miljoen middelklas huishoudings in 1995 in Sjina het tot 42 miljoen gegroei in 2005 en vooruitskattings toon dat hierdie syfer op 199 miljoen in 2015 gaan staan. Slegs landbou kan hierdie probleem oplos. Nietemin, tariefverligting en beleidsverandering van die regering se kant af, is min.

Prof Jooste het darem ook goeie nuus vir graanprodusente gehad en meen dat die stabilisering van plaaslike en internasionale markte 'n sterk lopie in graanpryse kan meebring. Hy verwag hierdie tendens teen 2011.

Ook mnr Mike Schüssler, die bekende ekonoom, het goeie nuus na die MGK Landboudag gebring. Hy is van mening dat die finansiële krisis nou die laagtepunt bereik het en dat dit weer stadigaan beter sal gaan. Grafieke toon dat die internasionale pryse van kommoditeite reeds omgedraai het. Hy is van mening dat die prima uitleenkoers verder sal verlaag en dat koerse so laag as 9% nie uitgesluit moet word nie.

Volgens hom kan die rand/dollar-wisselkoers teen die einde van die jaar R10 per Amerikaanse dollar beloop. Hierdie voorspellings baseer hy op fundamentele eerder as tegniese faktore. Sou hy reg wees, sê Ben Lombard, besturende direkteur van MGK, kan daar 'n aangename verassing vir koringprodusente teen strooptyd voorlê.

Op die politieke front: Prof Theo Venter, verbonde aan die Noordwes-Universiteit, het tydens die dag meer oor die nuwe politieke omgewing in Suid-Afrika aan produsente oorgedra. Hy meen dat ekonomiese beleid onder president Zuma na links sal beweeg, maar dat beperkte hulpbronne die ewewig sal herstel met verloop van tyd.

Die feit dat die ANC nie 'n tweederde meerderheid kon bewerkstellig nie, sal ook meebring dat dié regerende party nuwe strategieë sal moet ontwikkel om beleid deur te voer. Die grondrestitusie-beleid wat die regering in staat sou stel om grond te onteien is op die ys geplaas, maar prof Venter sê dat dit bloot te wyte is aan die 2010 Wêreldbekersokker en die vooruitsig van eiendomsverkope wat mag spruit uit besoeke van internasionale gaste. Hy voorsien dat die regering sal voortgaan om hierdie wetgewing te implementeer ná 2011 wanneer dit nie soseer buitelandse beleggers behoort af te skrik nie.

Prof Venter voer verder aan dat die ANC 'n bevrydingsorganisasie is wat meer ruimte laat vir hernuwing en herskikking wat nie vantevore bestaan het nie. Bevrydingsregerings kan volgens hom baie doeltreffend wees as hulle voel hulle is in beheer en hulle kan ook self-korrektief optree. Onder bevrydingsregerings swaai die pendulum van verandering altyd te ver, maar oor tyd beweeg die pendulum weer terug na groter balans en een politieke generasie. ■